## Deel 12 - 29 September 2022 - Profetiese betekenis van die opwekking van die weduwee se seun

***Openbaring van Abba Vader aan Deborah Waltron Fry gegee op 22 September 20229/22***

Arende in die wagkamer van die hemel.

Ek het vandag 'n openbaring gehad oor die vers in **Jesaja 40:31** wat sê dat

*"maar die wat op JaHWeH wag, **kry nuwe Krag**; hulle vaar op met Vleuels soos die arende; hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle wandel en word nie mat nie."*

Ek het 'n gesig gehad van 'n "Wagkamer" in die Vaderhuis waarheen 'n Kind van Elohim gaan as hy vermoeid is. Al het ons reeds opgestyg en in die Gees op Arendsvlerke gevlieg, moet ons steeds oor en oor terugkeer na ons Hemelse Nes (***jou innerlike gees: vertaler***) in die Meester om te rus en ons kragte te vernuwe.

Ons moet voortdurend **terugkeer na die Wagkamer** om in JaHshua te rus sodat ons **vernuwe en verfris en versterk** kan word om weer op te styg. Dit is nie soos 'n aardse wagkamer nie, waar jy wag dat iets moet gebeur nie, maar in die Wagkamer van die Hemel, vertoef jy in **JaHWeH se Teenwoordigheid**. En daar, terwyl jy in die Hemelse Realms wag, ontvang jy visioene en openbaring en strategieë vir jou lewe, sodat jy dit kan terugbring aarde toe na diegene wat wag om te hoor en om geseën te word. In die Wagkamer versterk Hy jou hart. "Want van die begin van die wêreld af het die mense nie gehoor of deur 'n oor gehoor nie, nóg het 'n oog enige Elohim langs jou gesien Wie optree vir hom wat op Hom WAG nie!" **Jesaja 64:4**

Geliefdes. Kom na die Vaderhuis. Daar is baie Kamers in My Huis. Kom na die Wagkamer, My Kind, as jy swak voel. Het jy nie geweet nie? Het jy nie gehoor nie? Die ewige Elohim, JaHWeH, die Meester, die Skepper van die eindes van die aarde, word nie moeg en word nie mat nie. Sy insig is ondeurgrondelik. Maar ek openbaar nou hierdie dinge deur die Gees.

Dié wat op My wag, wat in my Teenwoordigheid vertoef, sal genees en aangeraak word deur die Salwing, want Ek het jou lewe van die verderf verlos en jou gekroon met Goedertierenheid en Tere Barmhartighede; Ek sal jou mond versadig met goeie dinge, sodat jou jeug vernuwe word soos dié van 'n arend. Terwyl jy wag, gee Ek krag aan die swakkes, en aan die wat geen mag het nie, verhoog Ek in krag.

Wees nie bekommerd oor die boosdoeners nie, maar kom Hoër op. Kom op bokant die aardse dinge waar die Lug Soet is met die Geur van Messias. Wag en rus vir jou volgende opdrag. Woon en geniet die Aangename Aromas van die Hemel, adem dit in jou longe. Terwyl jy in My Teenwoordigheid wag en die Gees inasem, sal Ek die Diep Dinge van jou Elohim openbaar. Diep roep tot diep.

WAG op jou Meester: Hou goeie moed, want Ek sal jou hart versterk. Vertoef 'n tydjie by My. Het hulle nie in die Bovertrek gewag en KRAG van Bo ontvang nie? O ja, en Iets het gebeur wat NOOIT tevore gebeur het nie! Vuurtonge het gekom om hulle te versterk en aan te moedig vir hulle nuwe sending! So sal dit weer wees as julle op My wag. Bly in My en Ek in jou. En in My Vervolmakende Krag, sal julle weereens na Nuwe Hoogtes vlieg!

Ek het jou uit 'n afgryslike put, uit die modderige klei gebring en jou voete op 'n Rots geplaas, en Ek het jou weë vasgestel. Terwyl jy in My Wagkamer wag, sal jy My teëkom en Ek sal 'n Nuwe Lied in jou mond plaas. My Krag sal verruil word vir joune. Hier is My Belofte, Geliefde:

*"Selfs die jong manne sal flou word en afgemat wees, en die jongmanne sal heeltemal val, maar die wat op die Meester WAG, sal hulle krag vernuwe. Hulle sal opstyg met vleuels soos arende, hulle sal hardloop en nie moeg word nie, hulle sal wandel en nie mat word nie!"*

*******************************************
******

**Aanhalings uit die Boek van Herinnering**

***Jesaja 40:28-31*** *"Weet jy dit nie? Of het jy dit nie gehoor nie? 'n Ewige Elohey is JaHWeH, Skepper van die eindes van die Aarde; Hy word nie moeg of mat nie; daar is geen deurgronding van Sy Verstand nie. **29** Hy gee die vermoeide Krag en vermenigvuldig Sterkte vir die wat geen kragte het nie. **30** Die jonges word moeg en mat, en die jongmanne struikel selfs; **31** maar die wat op JaHWeH wag, kry nuwe Krag; hulle vaar op met Vleuels soos die arende; hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle wandel en word nie mat nie."*

***Psalm 27:14*** *"Wag op JaHWeH! Wees sterk en laat jou hart sterk wees! Ja, wag op JaHWeH!"*

***Psalm 37:7-9*** *"[Do Dalet.] Swyg voor die Aangesig van JaHWeH en verwag Hom; wees nie toornig op hom wat voorspoedig in sy weg is nie, op die man wat listige planne uitvoer nie. [MattithJaHûW 25:13] 8 [h Hé.] Laat staan die toorn en verlaat die grimmigheid; wees nie toornig nie: dit is net om kwaad te stig. 9 Want die besoedelde sal uitgeroei word; **maar die wat JaHWeH verwag, hulle sal die Aarde besit**."*

***Habakuk 2:2-3*** *"Toe antwoord JaHWeH my en sê: Skryf die gesig op en graveer hom op tafels, sodat hulle hom in die verbygaan kan lees. **3** Want die gesig sal nog duur tot op die vasgestelde tyd; maar hy spoed na die einde en sal nie teleurstel nie. As hy mag vertoef, wag daarop; want alte seker sal hy kom en nie versuim nie:"*

***Psalm 25:4-5*** *"**4** [D Dalet.] JaHWeH, maak my U Weë bekend; leer my U Paaie. **5** [h' Hé.] Lei my in U Waarheid en leer my, want U is die Elohey van my Lossing. U verwag ek die hele dag."*

***Psalm 62:5*** *"Wees net maar stil tot Elohim, My Siel, want van Hom is My verwagting!"*

***Psalm 40:1-4 "****1 EK het JaHWeH lank verwag, en HY het HOM na My toe neergebuig en My hulpgeroep gehoor;* ***2*** *en HY het My uit die put van vernietiging, uit die modderige slyk opgetrek en My voete op 'n Rots gestel; HY het My gange vasgemaak.* ***3*** *En HY het 'n nuwe lied in My Mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohey. Baie sal dit sien en vrees en op JaHWeH vertrou.* ***4*** *Geseënd is die krygsman wat sy vertroue in JaHWeH stel en hom nie wend tot hoogmoediges en leuendienaars nie.*

***Numeri 22:19*** *"Nou dan, bly julle tog ook vannag hier, dat ek mag weet wat JaHWeH verder aan my sal sê."*

***2 Korintiërs 2:15*** *"Want ons is 'n aangename geur van Christus tot eer van God onder die wat gered word en onder die wat verlore gaan;"*

***1 Korintiërs 2:9-10*** *"maar soos geskrywe is: Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor en in die hart van 'n mens nie opgekom het nie, wat God berei het vir die wat Hom liefhet.* ***10*** *Maar God het dit aan ons deur sy Gees geopenbaar, want die Gees ondersoek alle dinge, ook die dieptes van God."*

***Johannes 15:4*** *"Bly in My, soos Ek in julle. Net soos die loot geen vrug kan dra van Haarself as Sy nie in die Wynstok bly nie, so julle ook nie as julle in My nie bly nie."*

***Johannes 14:20*** *"In dié dag sal julle weet dat Ek in My VADER is, en julle in My, en Ek in julle."*

***Johannes 17:23*** *"Ek in hulle en U in My, sodat hulle vervolmaak kan word in een; en dat die wêreld kan weet dat U My gestuur het, en hulle liefgehad het net soos U My liefgehad het."*

*Fantastiese kunswerk deur Ana Mendez Ferrell: https://propheticartgallery.com/product-tag/marked-for-greatness/*

